# THE ROAD LESS TRAVELED

## 'N TAWWE BINNEKANT - ELKE MENS SE VRIEND

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 18 Augustus 2024

Wat 'n mens doen met die swaarkry van die lewe is 'n baie groot bepalende faktor vir waarheen jou lewe gaan, wat jy sal word. 'n Ander groot faktor is natuurlik wat jy sal doen met die vreugdes van die lewe, die suksesse. Altwee, die swaarkry en die vreugdes van die lewe kan jou maak of breek.

Ons dink vandag oor die swaarkry....

Die krisisse van die lewe, teleurstelling, pyn, hartseer, verlies, frustrasie, tekort... dit kan jou seermaak. Dit kan jou van jou waardigheid, jou mensheid en menslikheid ontneem. Dit kan jou laat ontaard, 'n harde, ongevoelige mens maak. Of pateties, verward en verlam. Of bitter en sinies. Lyding kan jou vernietig. Doodmaak.

Ons noem hierdie reeks *The Road Less Travelled*...

Op die ander pad, *The Road More Travelled*, lê baie verbloemde gevare...

Die maklike pad wat uiteindelik die moeilike pad word...

Op *The Road More Travelled* hanteer ons die swaarkry van die lewe op fatale maniere, almal maniere wat dinge eintlik erger maak... En almal het te doen met blaam...

**Ons blameer ons omstandighede.**

Of die mense wat die omstandighede veroorsaak:

- Jou ouers, jou man of vrou... as dit nie vir hulle was nie, waar kon jy vandag gewees het...
- Jou loopbaan, baas, kollegas... Niemand verstaan jou nie. Niemand waardeer jou insigte, talente of bydrae nie. Niemand wil jou 'n kans gee nie. As iemand jou net nie so ingedoen het nie...
- Of jou gene: hoekom jy nie so slank of mooi of begaafd is as wat jy sou wou wees nie...

Dis die mees algemene menslike reaksie, en ook die mees oppervlakkige, verlammende en oneerlike reaksie. Alles is iets of iemand anders se skuld. Die begin van ’n uiteindelik onvermydelike doodloopstraat.

Ons blameer ons omstandighede, en…

**Ons blameer onsself.**

Jy kan na ander mense kyk. En net hulle suksesse sien. Hulle oënskynlike geluk. En dan die leuen glo dat jy maar net nie goed genoeg is nie.

Jy kan jou vriende sien, hulle Facebook-foto’s…

Of lees van die elite… Van hulle fortuine, hulle avonture, hulle romanse en hulle geluk.

En jy kan die leuen glo wat van hulle idilliese lewens vertel.

“Wat is verkeerd met my? Hoekom kan ek nie bo uitkom nie?”

En dan kan jy vir terapie gaan. En tot in oneindigheid by oorsake in jou kinderlewe, of jou die redes vir jou swak selfbeeld probeer uitkom. Of persoonlikheidstoetse, motiveringskursusse…

Omdat jy dink jy is die uitsondering. Daar moet ’n rede wees dat jy nie so gelukkig is as ander mense nie.

Terwyl die waarheid is dat daar nêrens op hierdie planeet een mens is wat in sy diepste wese so vervuld is as wat hy wens hy wens om te wees nie…

Nêrens is daar iemand wat nie op ’n manier teleurgesteld is in die lewe nie.

Ons blameer ons omstandighede.

Ons blameer onsself, en…

**Ons blameer die noodlot.**

“Dis nie ander mense nie. Dis ook nie ek nie. Ek het my bes probeer. Maar tog kom terugslae. Dis asof die lewe self terugslag op terugslag is…”

En dan kan jy sinies raak, negatief, kwaad vir die lewe…

- Omdat jy nie hou van hoe dinge ruik nie sny jy jou neus af.
- Omdat jy een keer teleurgesteld was in liefde, maak jy jou hart hard en is jy nie oop vir nuwe geluk nie.
- Omdat jy geglo en gebid het, en dinge nie uitgewerk het nie, daarom kan jy nooit weer glo in God nie…

Ja, ons kan die drie menslike opsies kies in ons reaksie op die swaarkry van die lewe:

Ons kan ons omstandighede blameer.

Ons kan onsself blameer.

Ons kan die noodlot blameer.

**Maar daar is ’n sterkte. ’n Innerlike sterkte waarteen geen aanslag van die lewe bestand is nie.**

Paulus, ’n ou man wat oor ’n lang tyd baie intense pyn, teenstand, swaarkry beleef het, beskryf ’n pad van sterkte te midde van die aanslae van die lewe.

Kom ons lees agt baie bekende, maar lewensveranderende verse en sien wat Paulus krag gegee het, ’n sterk mens gemaak het, te midde van stryd en swaarkry…

Filippense 4:6-13

6Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

7En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

(...shall garrison *and* mount guard over your hearts and minds in Christ Jesus. - AMP)

8Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is—watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees—daarop moet julle julle gedagtes rig.

9En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.

10Ek het my grootliks verbly in die Here dat julle nou eindelik weer opgeleef het om aan my belange te dink; waaraan julle ook gedink het, maar julle het die geleentheid nie gehad nie.

11Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is.

12Ek weet om verneder te word, ek weet ook om oorvloed te hê; in elke opsig en in alle dinge is ek onderrig: om versadig te word sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.

13Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.

Let wel, soos in alle ander hoofstukke in die hele Bybel waar 'n vers 13 is, is daar ook hier 'n vers 11 en 12 wat dit voorafgaan:

Filippense 4:13

Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee.

Maar vers 11 en 12...

"Ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is... Ek weet om verneder te word... Ek is onderrig om honger te ly... sowel as om gebrek te ly..."

In hierdie brief gee Paulus raad aan 'n gemeente wat hy begin het, en wat onder sy sorg was, en steeds onder sy mentorskap was. Mense saam met wie hy geleef het. Sy brief gee raad oor hoe 'n mens die sterkte kry om selfs in die ergste stryd van die lewe te kan bly go, en steeds blymoedig en hoopvol te kan wees.

Maar sy raad is nie net teoretiese, selfs teologiese leringe en verduidelikings nie. Dis eerder modelering, want hy herinner sy lesers aan hoe hy onder hulle geleef het, en hy herinner hulle aan waar hy is terwyl hy die brief skryf. Hy gebruik sy eie lewe as voorbeeld van sterkte te midde van stryd...

Hy herinner hulle aan sy eie se problematiese situasie terwyl hy aan hulle skryf.

Hy is in die tronk, hy skryf sy brief opgesluit in ’n sel waar hy aangehou word. En in tronke daardie tyd was jy afhanklik van wat jou mense vir jou sou bring. As jy nie hulp van buite gekry het nie, sou dit nog meer ondraaglik wees as wat dit was en was die kans dat jy dit sou maak baie skraler.

Hy is in die tronk. En valse leiers is besig om sy naam te beswadder, sy lering, die evangelie te vervals en besoedel, en sy invloed en leierskap te probeer steel.

Na twintig jaar se ontberinge (buiten sy reise op see het hy meer as 16000 kilometers te voet afgelê, baie dikwels oor onherbergsame en gevaarlike gebiede, gejag, vervolg, gemartel, en dikwels sonder kos en byna dood) sit hy in sy tronksel, en sê dankie vir sy lesers dat hulle uiteindelik hulp by hom kon uitkry...

Paulus ken swaarkry, pyn en psigiese gevegte, aanslae op sy lewe, sy denke, sy gemoed, sy geloof...

Vir sy gemeente in Filippi sê hy dat hulle sy lewe as ’n voorbeeld moet neem van ’n lewe met innerlike sterkte ten spyte van pyn en beproewings. En ek dink ons kan ook raad kry by so ’n man om ’n tawwe binnekant te hê. ’n Innerlike sterkte.

Die eerste ding wat Paulus in swaarkry geleer het:

**In swaarkry kan jy ’n bonatuurlike vrede leer ken.**

En dit sê iemand wat vir twintig jaar soveel geweldige uitdagings en krisisse gehad het, en nou, wat omstandighede betref, op ’n absolute laagtepunt is.

Paulus se baie duidelike raad, diep, kinderlik-gelowige raad, en dit kan eenvoudig klink tot jy

dit self moet doen, is: As die swaarkry van die lewe oor jou pad kom, bring jou sorge en begeertes met diep vertroue vir die Here en jy sal vind daar is ’n vrede groter as die ontsteltenis van jou natuurlike gedagtes in sulke pynvolle uitdagings. Die vrede van God sal groter wees as jou eie menslike denke. Sy vrede sal sterker wees as jou emosies en gedagtes. Dit sal jou bewaar en beskerm. Dit sal heers oor jou eie onvermoë om innerlik stabiel, kalm, positief, hoopvol, sterk en blymoedig te bly. Ontmoet God met jou swaakry en ontvang vanuit ontmoeting bonatuurlike innerlike sterkte.

Dis ’n gelowige se eerste toevlug in alle aanslae van die lewe: Ek gaan met my Vader praat, tot ek ’n vrede beleef wat groter is as my menslike swakhede, insigte en bekommernisse.

En as ek dit gereeld doen begin iets in my denke gebeur… Ek leer om te dink soos God.

Dis die eerste ding wat Paulus in swaarkry geleer het: In swaarkry kan jy ’n bonatuurlike vrede leer ken.

Die tweede ding…

**In swaarkry kan jou denke verander.**

Selfs in uiterste aanslae soos wat hy beleef het, sê Paulus dat hoe ’n mens leer dink in jou swaarkry ’n groter invloed sal hê op jou toekoms en jou wese as die swaarkry self.

Hy sê vir sy lesers hulle moet onthou hoe hy geleef het toe hy by hulle was en dan moet hulle ook so leef, maar eers praat hy met hulle oor hulle denke. Met ander woorde, as hulle so sterk soos Paulus in sy krisisse wil wees, denke is die sleutel…

8Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is—watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees—daarop moet julle julle gedagtes rig.

9En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.

Kom ons dink aan die Paulus wat hierdie brief skryf, in haglike omstandighede, in ’n lewenskrisis. Hy weet hierdie kan sy einde wees. Hy kan hier in hierdie tronk tereggestel,

vermoor word. Dis duidelik dat gedagtes oor die dood elke dag by hom is. Reg in die begin van sy brief sien jy hy dink oor die moontlikheid dat sy einde gekom het:

**Filippense 1:19-20 (LB)**

19Ek weet dat wat ek nou deurmaak uiteindelik tot my voordeel sal wees omdat julle vir my bid
en omdat die Gees van Jesus Christus my help. 20Dit is my innige begeerte en vertroue dat ek
nooit skaam sal wees oor wat ek gedoen het nie. Ek wil altyd in my hele lewe aan Christus die
eer gee sonder om bang te wees, al sou dit beteken dat ek vir Hom moet sterwe of dat ek vir
Hom sal bly lewe.

Dis met hierdie diepste put van lyding en ontbering in gedagte dat ons Paulus se raad moet verstaan…

Hy gee vir ons ’n kykie in sy eie geveg gee, die geveg in sy eie gedagtes…

Dis met ons almal so… In die aanslae van die lewe kom die stemme binne-in onsself…

Paulus sê, “Ek waak… ek maak seker iets loop nie skeef in hoe ek dink nie. Die geveg is binne… Ek dink aan…

**“Alles wat waar is, alles wat edel (eerbaar) is…**

“Ek ken die geveg om te bly dink oor alles wat waar is, alles wat eerbaar is…

“O, hoe ken ek nie die stemme nie, ‘Paulus, was die visie, die gesig wat jy jare gelede gesien het van Jesus wat aan jou verskyn het regtig waar? Was dit nie maar ’n psigiese toestand van wroegings met skuldgevoelens omdat jy Christene laat vermoor het nie? Kom nou Paulus, waar is hierdie Jesus nou? Hier is jy alleen in die tronk. Al die vernedering, marteling, honger, armoede, pyn. Jou loopbaan, jou senior leiersposisie in die Joodse volk daarmee heen. En nooit eers die liefde van ’n vrou nie. Paulus jou dwaas, was dit alles die moeite werd? Jou hele lewe weggegooi… Vir wat, om hier te krepeer in ’n tronksel?’”

Paulus praat van ’n aanslag in swaarkry wat dieselfde is as in die eerste boek in die Bybel: ’n Bose invloed wat weet, as jy gedagtes nie meer rig op wat waar is nie, sal jy ook nie meer oorweeg wat eerbaar is nie. As jy die leuen begin oorweeg, dan sal jy makliker oneerbare optrede kan begin regverdig…

Hierdie nuwe liefde is beter as my huwelik…

Dis nie die moeite werd om eerlik te probeer wees in besigheid nie…

As ek net 'n ander werk kan kry sal ek gelukkig wees…

Hoe kan ek tye in die Bybel deurbring as my gemoed in so 'n toestand is?…

Die geveg in jou swaarkry sal altyd te doen hê met gedagtes wat begin verskil van hoe Jesus dit opsom in sy gebed voor sy dood:

**Johannes 17:15-17**

15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.

16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

**Alles wat reg is, alles wat rein is…**

Dink weer aan Paulus…

Die aanslae teenoor die eerste gelowiges was ook 'n aanslag op die evangelie. Dikwels is hulle voor 'n ultimatum gestel, "Verwerp Christus, draai jou rug op dit wat jy verkondig het, en ons sal jou vrylaat, dalk selfs 'n posisie aanbied."

Maar sal dit reg wees? Paulus sal vir jou vandag sê dat jy altyd spyt sal wees as jy ter wille van jou eie gewin, gemak of voordeel bereid is vir die grys gebied tussen reg en verkeerd, regverdig en onregverdig, eerlik en oneerlik. "In my eie gedagtes," sal Paulus vir jou sê, "is die stryd hier in die tronk altyd tussen reg of gerieflik, getrou of gemaklik. En sonder reg, is rein onmoontlik. Die twee loop saam. In my gedagtes moet ek altyd kies, is ek beried vir veiligheid wat saam met vuiligheid? Maar my gedagtes is gerig op reg en rein, al kos dit wat… *I'm on the road less travelled…*"

**Alles wat mooi (lieflik) is, alles wat prysenswaardig (loflik) is…**

En weer, in 'n tronk, 'n vuil, wrede tronk, "Paulus, wat sê jy oor hoe ek moet leer dink?"

“Ek sê vir jou, niks om my is mooi nie. Niks is prysenswaardig nie. Hier is grillerige gebrekkige higiëne. Alles om my is lelik. Maar, binne in my, in my gedagtes, hier binne kan hierdie tronk my nie beroof van skoonheid nie. Dit wat ek sien bepaal nie waaroor ek sing nie. My weersin in die afstootlikheid óm my, dit wat ek sien, bepaal nie die gedagtes ín my nie. Omdat dit hier om my nie mooi is nie hou ek nie op glo in skoonheid nie. Die mooi in my binnewêreld sal nooit ineenstort omdat daar niks mooi in my buitewêreld is nie. As daar niks prysenswaardig om my is nie, dan dink ek binne-in my aan dinge, en veral aan Hóm, wat prysenswaardig is. Niks en niemand sal my beoof van skoonheid en verwondering nie.

“En daarom is dit vir my moontlik dat ek ook die mooiheid in die mense om my kan sien. In hulle pyn.”

Dis dalk die grootste eienskap van martelare deur die eeue. Hoe swaarder hulle gekry het, hoe wreder en leliker mense met hulle was, hoe mooier het mense vir hulle geword. Hoe minder prysenswaardig hulle behandel is, hoe meer prysenswaardig het hulle teenoor mense opgetree. Swaarkry doen dit met jou, as jy Paulus se raad volg. Jy word al hoe mooier, lyk al hoe meer soos Jesus, jou eie pyn maak jou al hoe meer iemand wat omgee vir ander se pyn.

Miskien praat Paulus vandag met jou. Maak nie saak hoe min jou omstandighede spreek van dit wat mooi of prysenswaardig is nie. Selfs al is dit die siekte in jou eie liggaam wat skreeu teen skoonheid en heilsaamheid en prysenswaardigheid, vat hande met Paulus. Daar is ’n pad, *a road less travelled,* ’n binnepad, waar skoonheid en prysenswaardigheid nie vernietig kan word nie. En die mooiste lieflikheid en die loflikste loflikheid is wanneer hulle wat deur die lelike en die onprysenswaardige van die lewe geteister word, self mooier en meer prysenswaardig word met ’n innerlike diepte en sterkte.

**In swaarkry kan jy ’n bonatuurlike vrede leer ken.**

**In swaarkry kan jou denke verander.**

**In swaarkry kan jy selfvergenoegsaam word.**

Dis die derde ding wat Paulus in swaarkry sê…

Filippense 4:11

...ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. (om reg te kom met wat ek het—LB, om my in alle omstandighede te behelp—NV)

Filippense 4:10-13 (NET)

I have come to learn, in the circumstances in which I am placed, **to be independent of these and self-sufficient.** I know in fact how to discipline myself in lowly circumstances. I know in fact how to conduct myself when I have more than enough. In everything and in all things **I have learned the secret**, both to be satiated and to be hungry, and to have more than enough and to lack. **I am strong for all things in the One who constantly infuses strength in me.**

Vergenoeg. Selfvergenoegsaam.

Is Paulus arrogant? Nee, Paulus se selfvergenoegsaamheid, sy vergenoegdheid, praat van die geheim wat hy geleer het in die ontsettende krisisse van sy lewe: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee. **I am strong for all things in the One who constantly infuses strength in me.**

Ek het geleer om met die swaarkry van my lewe om te erken ek is kragteloos, en dan my krag op 'n ander plek te kry. My swaarkry dryf my na my Meester toe. En uit dit wat daar gebeur kry ek 'n sterkte wat my kan laat sê dat ek in enige omstandighede leef met 'n oortuiging dat God my sal deurdra, sy hulp, sy genade is genoeg.

Soos die psalmis wat ook in baie slegte omstandighede geskryf het:

**Psalm 27**

13 O, As ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ... .

14 Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die Here!

**Here, ek word stil.**

**Ek weet nie wat voor my lê nie,**

**maar ek weet Wie in my leef.**

**Ek weet nie wat op my wag nie,**

**maar ek weet op Wie ek sal wag.**

**In elke storm anker ek my hart**

**en gedagtes**

**in U.**